e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

30 Julie 2009
Jaargang 2 – Uitgawe 25

Toe Hy hulle voete klaar gewas het, sê Hy vir hulle: *"Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?"*
Uit Johannes 13: 12

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensie
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld

VOORBLAD

Waar Jesus Koning is, word man en vrou weer mekaar se maats

Daar is die afgelope tyd heelwat berigte in die openbare media oor die saak van die man as die hoof van die vrou, en dat 'n vrou haar man moet salf as haar koning. Waar kom hierdie gedagte vandaan? Dit klink vir ons vreemd. Die beeld van koning wek tog by 'n mens die gedagte van iemand wat regeer, wat oor ander heers, en kan maklik misverstaan word. Is dit wat God van 'n gelowige vrou verwag? Is dit regtig wat die Bybel sê?

Dit lyk eerder asof die Bybelskrywers vir ons die boodskap wil oordra dat God die man en vrou voor die sondeval as gelyke partye geskep het om sy beeld te verteenwoordig. *God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep,* ***man en vrou*** *het Hy hulle geskep* (Gen 1: 27). Ons kan dit so verstaan dat man en vrou saam die beeld van God verteenwoordig. In die tweede skeppingsverhaal lees ons ook hoe God die vrou na die man toe bring om sy eensaamheid te verlig. Hier lees ons ook iets van 'n gelyke verhouding tussen hulle. *Verder het die Here God gesê*: *Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help,* ***sy gelyke*** (Gen 2: 18). En wanneer die man die vrou sien wat God vir hom bring, kan hy nie anders nie as om liries te raak, en hoor ons sy emosie in die eerste lied of gediggie in die Bybel: *Hierdie keer is dit een uit myself,* ***een soos ek*** (Gen 2: 23). Hierin hoor ons iets van die opgewondenheid, die vreugde van iemand wat 'n maat in die lewe gevind het, iemand saam met wie die lewe geniet kan word. Hier is glad nie sprake van iemand wat oor iemand anders heers nie.

Na die sondeval lyk dinge egter anders. Nou word die verhouding tussen die man en vrou bederf deur die sonde. *Na jou man sal jy hunker, en hy sal oor jou heers* (Gen 3: 16b). Die gedagte van die man wat oor die vrou heers, word as God se straf op die sonde beskou. Genadiglik het Jesus Christus ook hierdie gebroke verhouding weer kom herstel. Waar man en vrou saam vir Jesus Christus aanbid as Heer en Koning, daar word hulle weer mekaar se maats soos in die paradys. Dan verstaan 'n mens waarom Paulus, as hy in Efesiërs 5 met die man en vrou praat oor hulle verhouding, begin met die oproep: *Wees uit eerbied vir Christus* ***aan mekaar*** *onderdanig* (Ef 5: 21). Na Jesus Christus gekom het, is man en vrou weer mekaar se gelykes, soos God dit oorspronklik bedoel het. Daarna beskryf Paulus die situasie hoe dit werk in 'n huwelik waar Christus sentraal staan. Daar is nie meer sprake van hoofskap soos in die geval van 'n koning wat met mag en gesag regeer nie, maar eerder van iemand wat volgens die voorbeeld van Christus die ander dien. In so 'n geval sterf die eie ek, en gee ek my lewe vir my man of vrou. Die onderdanigheid of respek en liefde wat van man en vrou gevra word, geld in 'n verhouding waar Christus die Koning is, vir beide partye. As dit gebeur, kan man en vrou weer sonder vrees vir misbruik mekaar en die lewe geniet in alle opsigte. Ook op seksuele gebied waar die vrou tog ook dieselfde behoeftes as 'n man het.

Dat die man 'n rol as geestelike leier moet vervul en ook verantwoordelikheid moet aanvaar vir sy eie en sy gesin se verhouding met God, is waar. Dit is egter 'n volgende onderwerp.

Karien en Gerhard Lindeque,
Rooihuiskraal

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas.

Beroep ontvang

- **Ds Nardus Enslin** van Sasolburg na Rustenburg-Kloof
- **Ds Milankie van der Walt** na die kombinasie Namib-Suid (deeltyds)
- **Prop Giel Malan** na Krugersdorp-Wes (deelsorg)

Beroep aanvaar

- **Ds Nardus Enslin** van Sasolburg na Rustenburg-Kloof

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Thys Naudé** is die nag van 24 Julie in sy slaap oorlede. Hy was 86 jaar oud. Ds Naudé het die laaste jare ernstige asma beleef en al hoe meer verswak. Hy word op Vrydag 31 Julie om 10:00 uit Gemeente Pretoria-Oos begrawe. Sy skoonseun, dr Hennie van Deventer, lei die diens. Op versoek van die familie en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) sal prof Bart Oberholzer namens die Kerk waardering betuig vir die werk en persoon van ds Naudé. Die Kerk treur saam met die gesin oor die heengaan van dié geliefde en gewaardeerde kollega en vriend, en bid hulle troos toe.

- **Mev Alida Gothan**, eggenote van ds Herman Gothan van Heilbron, is op 27 Julie oorlede nadat sy die stryd teen kanker verloor het. Die kanker was geruime tyd reeds in remissie nadat dit oor ’n lang tydperk behandel is. Ongeveer ’n maand gelede het Alida weer buikpyne ervaar, en daar is ontdek dat die kanker aggressief hervat het. Dit het toe reeds na haar lewer versprei. Sy het pas haar PhD-proefskrif voltooi en sou eersdaags haar graad ontvang het. Die roudiens vind Vrydag 31 Julie om 14:00 plaas in die kerkgebou van Erasmia, ’n vorige gemeente waar die Gothan-egpaar jare lank gewerk het. Die Kerk en Kommissie van die AKV betuig meelewing met ds Herman en sy kinders en bid hulle troos toe.

- **Ds Jan Rossouw** van Gemeente Trichardtsfontein sterk tuis aan na sy hartomleidingsoperasie. Hy word ’n spoedige herstel toegebid.

- **Ds Johann Mouton** van Ventersdorp het onlangs gehoorprobleme begin ervaar. Nadat mediese toetse gedoen is, is vasgestel dat hy ’n gewas teen die stam van sy brein het. Dit is nie kwaadaardig nie, maar kan nie met ’n operasie verwyder word nie. Hy sal bestraling ontvang, hoewel die gehoorprobleem waarskynlik nie sal verbeter nie. Die Kerk se voorbidding word vir ds Johann en sy gesin gevra.

- **Ds Johannes Barnard**, broer van ds Willem Barnard en die voormalige ds Adam Barnard, het ernstige lewerprobleme en sal waarskynlik in die nabye toekoms ’n leweroorplanting moet ondergaan. Die oorsaak van die probleem kon nog nie vasgestel word nie. Voorbidding word ook vir ds Barnard en sy familie gevra.

- Alhoewel sy nog heelwat pyn ervaar, gaan dit beter met **mev Frieda van Wyk**, eggenote van dr Daan van Wyk (sr). Sy kry nog behandeling en behoort volkome te herstel.

- **Prof Piet van der Merwe** van die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria het so pas verloof geraak. Ons wens hom en Riekie geluk met die vreugdevolle nuus.

- **Dr Hendrik Breytenbach**, wat voortydig geëmeriteer het, is onlangs weer beroepbaar gestel en het daarna die beroep na Krugersdorp-Wes bedank. Hy het lidmaatskap by die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) aanvaar en is nou beroepbaar in die APK.

- Enigeen wat bereid is om drie skoolgaande kinders veilig **van Pretoria na Bloemfontein en terug** te vervoer vir die **langnaweek** Vrydag 7 Augustus tot Maandag 10 Augustus, word vriendelik versoek om kontak te maak met ds Lewis Strauss by 051 522 8825, 082 852 6438 of **ljstrauss@lantic.net**.

- **Die volgende predikante verjaar van 31 Julie tot 7 Augustus**, en word hartlik geluk gewens:

o	Vrydag 31 Julie:	Dr Jan Vorster en ds Antoinette van Zyl
o	Saterdag 1 Augustus:	Prof Ben Engelbrecht
o	Maandag 3 Augustus:	Di David du Plessis en Fanie Schutte
o	Dinsdag 4 Augustus:	Di Frans Oosthuizen en Stephan van Tonder
o	Woensdag 5 Augustus:	Ds Drikus Engelbrecht
o	Donderdag 6 Augustus:	Di Renier Lee, Stephan Hoffman en PT Jacobs
o	Vrydag 7 Augustus:	Di Kobus Celliers, Coenraad Strydom, Johans van Tonder, Rassie Smit en prof Louwrens Steenkamp

- **Ds Leon Nell** tree steeds op as pastorale hulp by **Gemeente Noordrand**. Hy werk reeds geruime tyd daar en dit gaan goed in die gemeente. Die kerkraad sal by die Septembervergadering van die Kommissie van die AKV sy beplanning rondom toekomstige bearbeiding voorlê. Die beplanning word in samewerking met die Ringskommissie en ds Nell gedoen.

- **Gemeente Waterval Boven**, wat vakant is sedert die vertrek van dr Ernest Marran na Losberg, doen tans saam met die Ringskommissie beplanning oor die toekomstige bearbeiding. Verskillende moontlikhede word oorweeg. Die gemeentes **Belfast en Dullstroom** is ook steeds vakant, en ’n moontlike kombinasie tussen die drie gemeentes is een van die opsies. Dit word toenemend noodsaaklik dat kleiner gemeentes kombinasies moet vorm of moet saamsmelt om volledige standplase te skep.

- **Gemeente Carolina** het ’n samewerkingsooreenkoms met die kombinasie **Hendrina en Breyten** aangegaan. **Ds Jasper van der Westhuizen** doen die bearbeiding van al drie gemeentes. Hy maak van preekhulp gebruik sodat al die gemeentes oggenddienste kan hê.

- Die kombinasie **Namib-Suid** het na samesprekings met die Ringskommissie van Dorsland, en nadat toestemming gekry is om die standplaas te wysig na deeltydse bediening, besluit om **ds Milankie van der Walt** te beroep. Sy en ds Barnie van der Walt, verbonde aan die Bybelgenootskap van Namibië, woon steeds op Windhoek. Die verwagting is dat ds Milankie die beroep sal aanvaar aangesien sy reeds geruime tyd in die kombinasie werk. Daar is groot dankbaarheid teenoor haar vir haar bereidheid om die geweldige afstande per motor af te lê om die lidmate te bearbei. Sy word sterkte en seën toegebid. Waar moontlik, neem ds Barnie ook eredienste waar in die uitgestrekte ringsgebied.

- Die voltydse standplaas van **Gemeente Primrose-Oos** is vakant. Hierdie goed gevestigde en selfstandige voorstedelike gemeente se lidmaatgetalle bly redelik konstant. Hulle wil graag gedurende Augustus ’n beroep uitbring, en nooi geordende predikante van die Kerk om hul name en kontakinligting **voor 10 Augustus** aan die skriba deur te gee met die oog op die samestelling van ’n groslys. Die kerkraad sal ’n volledige uiteensetting van die profiel van die gemeente en die bedieningsplan aan hierdie predikante beskikbaar stel. Kontak Frans du Toit by 011 828 3272, 082 952 9561, 012 822 1669 (faks) of **nhkprimroseoos@gmail.com**.

- Lidmate wat al gewonder het presies wat ***fundamentalisme*** is en hoe dit die voortbestaan van die kerk raak, kan gerus die insiggewende artikel oor die onderwerp lees in **Gemeente Bellville** se Nuusbrief van Augustus 2009. Die Nuusbrief is geplaas op die gemeente se internetwebblad by **www.nhkbellville.co.za**.

- **Gemeente Roedtan** bedank graag almal wat deelgeneem het aan hul **jagkompetisie**. Die wenners is Rudolph Botha (eerste prys), Albert Pienaar (tweede prys) en Braam Riekert (derde prys).

- **Gemeente Losberg** se e-posadres het verander na **nhklosb@connix.co.za**. Hul nuwe predikant is dr EB (Ernest) Marran, Steynstraat 104, Fochville 2515, 018 771 2340 / 082 444 1089. Die nuwe skriba is mev Alta de Klerk, 018 771 5608 / 082 878 2352. Verander asseblief die inligting op bladsy 90 van die *Almanak*.

- **Gemeente Bloemfontein** se nuwe e-posadres is **jnel.hum@ufs.ac.za**, en hul nuwe studentepredikant is ds Willem Dykema. Sy kontakbesonderhede is **willemdykema@gmail.com**, 082 560 4772 en 051 446 0133. Bring asseblief hierdie inligting aan op bladsy 81 van die *Almanak.*

- Daar is nog enkele plekke oor vir die toer wat **onder leiding van ds André Ungerer** na die **2010 Passiespel** onderneem word. Die deposito moet egter voor die einde van Julie betaal word. Die vertrekdatum is 8 Junie 2010. Kontak ds André Ungerer of sy vrou, Esbé, by 018 468 5127, 082 940 8201 of **nhrngzpg@mweb.co.za**.

- Nog ’n **pelgrimstoer** vir Christene na Oberammergau en Israel via Switserland vind van 28 Mei tot 8 Junie 2010 plaas teen ’n mededingende toerprys. Daar is die opsie om die toer te verleng met ’n Nylvaart. Die toerleier is **dr Hennie Botes**. Kontak dr Botes by 014 743 0209 of **hjbotes@worldonline.co.za.**

- Die ring van Bronkhorstspruit bied ’n **Diakenstoerustingskursus** aan op **Saterdag 1 Augustus** by Gemeente Delmas. Kontak Marlene Greeff by **mgreeff@nhk.co.za** of 083 487 1339, 013 656 1621 (werk) of 013 692 7361 (huis).

- **Gemeente Potchefstroom-Suid** is tans besig met ’n **Diakonale Herwinnings-projek**. Hulle vra dat alle gesinne hulle moet ondersteun deur hul herwinbare afvalprodukte na die Kerk te neem gedurende kantoorure (Dinsdae tot Donderdae, 07:45 – 11:45). Vir meer inligting kontak diaken Sakkie Stoltz by 084 208 8507.

- ’n **Vrouebyeenkoms** vind plaas op **Maandag 10 Augustus** vanaf 09:00 by Gemeente Wonderboompoort, hv Eloffstraat en Mansfieldlaan, Eloffsdal. Die diens sal gelei word deur prof Yolanda Dreyer, en die sang word begelei deur Tertia Knobel en Cecilia van Tonder. Die Pretoriastreek van die NHSV is reeds uitgenooi, maar enigeen is welkom om saam met ander vroue die Here te kom dank vir sy genade. Na die tyd word gesellig gekuier. Meer besonderhede kan verkry word van Janeke de Bruin by 012 335 0040 en Giesela Schwarzer by 012 335 4181.

- **Die Eendrachtkring** kom op **Vrydag 14 Augustus** byeen vir ’n **sop- en sjerriegeleentheid**. Meer besonderhede kan van mev Johanna Steyn, eggenote van ds Wilhelm Steyn, verkry word, by 012 348 2932.

- **Gemeente Brakpan** reël ’n **Manne- en Vroue-oggend vir Saterdag 15 Augustus** om 08:30 by die kerkgebou. ’n Ligte ontbyt sal aangebied word teen R50 per persoon. Die sprekers is ds Hennie Pienaar van die NG gemeente Dalpark en Ester Rothman. Skakel ds Pieter Uys by 011 740 9678 of mev Geerdré Uys by 082 557 8892.

- **Gemeente Philadelphia** bied ’n **Verhoudingsverrykingsoggend** aan op **Saterdag 15 Augustus**. Die spreker is ds Hannes van der Merwe en die koste is R50 per persoon (dit sluit ’n ligte ontbyt in). Die funksie is ten bate van Die Ondersteuningsraadkamp wat in die Septembervakansie plaasvind. Hierdie jaar gaan 100 behoeftige kinders saam en die koste beloop R700 per kind. Donasies is ook welkom. Kontak dr Sanrie de Beer by 083 226 1866.

- **Gemeente Noordelike Pretoria vier vanjaar hul 75ste bestaansjaar.** Verskeie geleenthede word beplan. Vir inligting oor hul restaurantaande en padkafees, kontak Sarel Viljoen by 083 554 3397. Op **Vrydag 21 Augustus** bied hulle ’n **klokkespelvertoning** aan met Gottfried Schiele van Transwêreldradio; kontak Lydia Strauss by 083 414 5161 of **ls@intercare.co.za**. Op **Saterdag 29 Augustus** eet hulle **Potjiekos** en kyk hulle ***Big Screen Rugby***. Daar word gemeentefees gehou van **Vrydag 16 tot Sondag 18 Oktober:** Vrydagaand is dit volkspele en lyndans, Saterdag is daar potjiekos vir die gemeenskap, ’n sangoptrede om 18:00 en ’n voorbereidingsdiens om 19:00; Sondag hou hulle Nagmaal om 11:00 en middagete om 13:00. Ds André Strauss versoek ook dat enige predikant of lidmaat met inligting, foto’s of staaltjies hom moet kontak; hulle wil graag ’n gedenkalbum uitgee, en ’n DVD sal van die feesnaweek gemaak word. Die gedenkalbum sal ook in DVD-formaat beskikbaar wees.

- **Gemeente Krugersdorp-Noord** bied hul jaarlikse **Musiekfees** aan op **Vrydagaand 21 Augustus** om 19:00 in die Klipkerk, hv Kruger- en Presidentstraat, Krugersdorp. Die kunstenaars is die Cantaté-kamerkoor onder leiding van Lorette du Toit, die orrelis Ockie Vermeulen, die doedelsakspeler Liam O’Flaherty, die mannegroep *Unltd* en ’n instrumentale trio, plaaslike kunstenaars, Hoërskool Noordheuwel se koor, Paul Obermeyer en Rianda Fourie. Kaartjies kos R50 per persoon. Kontak ds Johan en mev Marita Fourie by 011 953 1402 of 072 278 1456.

- **Gemeente Springs-Oos** is op **9 September 50 jaar oud**. Daardie Woensdagaand tree Gerhard Steyn op, en op **Saterdag 12 September** vind ’n *touch rugby*-toernooi plaas. Op **Sondag 13 September** vind die Feesnagmaal plaas, wat deur die vorige leraars van die gemeente en die huidige leraar bedien sal word. Op dié dag word ook ’n osbraai gehou vir 800 gaste. ’n **Gedenkalbum** en talle ander gedenkartikels is beskikbaar. Navrae kan gerig word aan die skriba, oudl Retha Laubscher, by 083 475 1962 of **rethalaubscher@telkomsa.net**.

- **Gemeente Balfour** is op **26 September 50 jaar oud**. Hulle **vier fees** die naweek van **11 tot 13 September**. Vrydagaand tree Rina Hugo op, en die kaartjies kos R70 per persoon (ete ingesluit). Op Sondag 13 September is daar ’n Nagmaaldiens (ook met ’n ete).

****

Nuus uit die NHSV

- Van **Saterdag 1 Augustus tot Saterdag 12 September** vind die **17 NHSV Streekbyeenkomste** plaas. Alle Hervormde vroue word uitgenooi om die byeenkomste by te woon en saam te besin oor die tema *’n Tyd om te volhard. Hervormde vroue in gesprek.* Predikante en kerkrade moet asseblief hierdie saak afkondig en vrouelidmate aanmoedig om deel te neem.

- Die **NHSV Leeudoringstad** bied op **Saterdag 1 Augustus** ’n **oggendtee** aan. Die kunstenaars is Francois en Elizabeth Fourie. Bespreek by Thea van Rooyen by 018 581 3432 of 073 723 9883. Kaartjies is beskikbaar teen R80 per persoon.

- **Die NHSV is dinamies op pad**. Hulle vier hul **70ste bestaansjaar gedurende 2010**. Die volgende aksies word onder meer beplan:

    - **Sondag 23 Mei 2010** word landwyd dankdienste gehou met ’n spesiale deurkollekte vir die Monumenttehuise en die Beursfonds van die NHSV. ’n Spesiale boodskap word na afloop van die diens voorgehou en die nuwe

glansbrosjure van die NHSV, met ’n oorsig oor NHSV aktiwiteite, word aan alle gesinne uitgedeel. NHSV takke bied tee en verversings aan vir die gemeentes.

- ’n Feeskonsert word beplan vir **Saterdag 22 Mei 2010** om 14:00 in die skoolsaal van Hoërskool Garsfontein, waar Hervormde kunstenaars sal optree.

- ***Die Christelike Vrou*** beplan ’n spesiale jaarkalender vir 2010 om die verjaardag te herdenk. Spesiale uitgawes word vir 2010 beplan, waarin volledig aan NHSV werksaamhede en aksies aandag gegee sal word.

- **Streekbyeenkomste in Augustus/September 2010** word ingerig rondom die verjaardag. Daar sal moontlik ook moeder-dogter-geleenthede wees om verhoudinge uit te bou.

- Daar word in samewerking met die Algemene Diakensvergadering (ADV) beplan om die tema ***Gesonde Gesinne*** by gemeentes te laat tuiskom. Dit is ’n voortsetting van die Dissiplineberaad wat die Hoofbestuur en die ADV saam aangebied het.

- Die Hoofbestuur beplan voortgesette fondsinsamelingsaksies vir die **Armoedefonds**.

****

Basaars en ander fondsinsamelings

- **Gemeente Buffelspoort** (voorheen **Marikana**) hou hul **Buffelfees** van **Vrydag 31 Julie tot Sondag 2 Augustus** by ATKV Buffelspoort. Vrydagaand vermaak Zack du Plessis, Fanie de Villiers en Wynand Claassen die gaste met *Stoepstories*, terwyl Andries Krogmann die potjiekos maak. Saterdag vind ’n Bergwedloop plaas oor 5, 10 en 15 km, asook ’n Mashie-gholftoernooi. Pryse ter waarde van R100 000 kan opgeraap word. Jennifer Zamudio, Bobby van Jaarsveld en Lianie May tree ook Saterdag op. Toegang is gratis. Vir meer inligting, skakel ds Neels van Tonder by 072 633 3367.

- **Gemeente Gaborone** se **Biltong- en Potfees** gebeur op **Saterdag 1 Augustus** van 09:00 tot laat by die *Academy of Toddlers* in Phakalane. Beleef ook grootskermrugby en neem deel aan die potjiekoskompetisie. Buite-uitstallers is welkom (dit mag net nie kosprodukte wees nie) teen P250 vir die dag. Vir meer inligting skakel ds Marthinus van Staden by +267 3937703 of 713 07197, of Peet Oosthuizen by +267 711 16075.

- **Gemeente Vliegepoort** bied op **Saterdag 8 Augustus** die **Thabazimbi Apiesdoring Karnaval** aan. Die tema is *Apiesdoring koningboom*, en die stalletjies word opgemaak met name van bekende bosveldbome. Die eerste 100 biltong- of vleiskopers sal ook gratis ’n bosveldboompie ontvang. Wilds- en beesbiltong sal teen R99 per kg te koop wees, en daar sal selfs ’n boomklimkompetisie wees! Skakel die karnavalvoorsitter, Isak Joubert, by 083 488 6357 of ds Hennie van der Linde by 083 507 0335.

- **Gemeente Klerksdorp-Oos Môrester** bied op **Vrydag 14 Augustus** ’n **biltongete en dans** aan. Kontak Veronica Blake by 082 969 1302, Petro Coetzee by 083 400 3250 (na ure 018 468 7070), of ds Stephan Botha by 018 462 9437.

- **Gemeente Rustenburg-Tuine** bied op **Vrydag 14 Augustus** ’n vertoning van die *Ses Snare* in die Rustenburgse Burgersentrum aan. Bespreek by Amanda Bouwer by 014 533 0297 of 014 592 9984 (ná 13:00) of by 082 796 8828.

- **Gemeente Vaalpark** bied op **Vrydag 14 Augustus** om 19:00 ’n **vertoning van Eden en Lianie May** aan by die DP de Villiersstadion in Sasolburg. Kaartjies is by Computicket of enige Checkers- of Shoprite-winkel te koop teen R100 en R120. Kontak Danie le Roux by 082 816 8453 of Dorea du Bruyn by die gemeentekantoor (016 971 1999) vir meer inligting.

- **Gemeente Roedtan** hou op **Saterdag 15 Augustus** vanaf 09:00 **basaar** in die heerlike tradisie van die Springbok-vlakte, met die tema *Die ark is oop.* Kontak ds Thys Redelinghuys by 082 416 7724, 015 667 0045 of **redinex@mweb.co.za**.

- **Gemeente Erasmia** reël ’n **Bybelstap** vir **Saterdag 15 Augustus** by die Voortrekkermonument. Skakel 082 962 2870 of 012 370 3513 vir meer inligting.

- Die natuurskoon van die Magalies Meander is die agtergrond vir die ***Randfontein EPR Fietswedren*** wat op **Saterdag 15 Augustus** aangebied word deur **Gemeente Sionspoort**. Die *Padwedren* vind plaas oor 120 en 58 km, en die *Bergfietswedren* bied 20 en 40 km opsies. Die wegspring en eindpunt is by die *Tarlton Renbaan*. Inskrywings kan aanlyn gedoen word by **www.cyclelab.co.za**. Vir meer inligting, besoek **www.sionspoort.org.za** of skakel 011 412 3163.

- **Gemeente Rustenburg-Tuine** se **gholfdag** wat vir Donderdag 20 Augustus beplan is, is voorlopig uitgestel. Inligting oor die nuwe reëlings sal later beskikbaar wees.

- Op **Saterdag 22 Augustus** tree Zak van Niekerk op by Laerskool Oosterkruin, Bataviastraat, Gerdview ten bate van **Gemeente Primrose-Oos se Saadjieprojek**. Kontak Janita Swanepoel by 082 562 9628, Annelie Swanepoel by 082 870 7795 of Antoinette Jacobs by 071 672 6794.

- **Gemeente Springs-Oos** se **feesbasaar** vind plaas op **Vrydag 28 en Saterdag 29 Augustus** by die Driehoekterrein in Lodeyko, Springs. Kontak mev Adele Roets by 011 362 2570 na ure of Katrien Prinsloo by 011 815 1376.

- **Gemeente Theresapark** hou op **Vrydag 28 Augustus en Saterdag 29 Augustus** 'n **outydse basaar** en gratis potjiekoskompetisie. Inskrywingsvorms vir die potjiekoskompetisie en meer inligting kan bekom word van Mariana van Zyl by 012 542 1321, 012 542 3568, 086 661 2005 (faks), 073 099 3699 of **nhtheresapark@absamail.co.za**.

- **Gemeente Mafeking** hou hul **Oppieplaasbasaar** op **Saterdag 29 Augustus** op die kerkterrein in Nelson Mandelarylaan. Daar is onder meer vakansie-akkommodasie in Margate te wen, en 'n Nguni-beesvel en twee oorspronklike skilderye deur Christiaan Nice sal opgeveil word. Plaaspatente kan ingeskryf word vir 'n kompetisie. Die *Local Broers* verskaf die musiek. Kontak Stephan J van Rensburg by 083 702 1341 of **stefanvr@gds.co.za**, Junita J van Rensburg by 082 785 5973 of **jjvrensberg@clinix.co.za**, Magda Redelinghuys by 082 825 1913 of **magda.redelinghuys@gmail.com**, of Adriaan Redelinghuys by 082 789 1523 of **adriaanred@yahoo.com**.

- **Gemeente Pretoria-Oos** bied op **Dinsdag 8 September** 'n **gholfdag** aan by die Waterkloof Gholfklub. Die koste is R2 000 per 4-bal inskrywing. Dit sluit 18 putjies gholf in, asook middag- en aandete en verskeie pryse. Skakel met die gemeentelike kerkkantoor vir meer inligting of om in te skryf. Kontak Diana Henry by 012 460 8441 of **ptaoos@nhk.co.za**.

- **Gemeente Montana** bied op **Vrydag 11 September** om 19:00 'n **vertoning met Mathys Roets** aan by Montana Hoërskool. Kaartjies kos R100 (volwassenes) en R50 (laerskoolkinders). Kontak die gemeentelike kerkkantoor by 012 567 1753, Salomie Stoltz by 083 308 0520 of Jorina Erasmus by 072 171 2502.

- Die gemeentes **Noordwestelike Pretoria** en **Philadelphia** bied op **Donderdag 17 September** 'n **gholfdag** met 'n verskil by Akasia Gholfklub aan. Tydens die prysuitdelingsfunksie vind 'n lewendige uitsending van Rippel 90.5 se RugbyRadio plaas wat aangebied word deur Hennie Koortzen en Wynie Strydom. Van die Bloubulspelers gaan ook teenwoordig wees. Die koste is R350 per persoon of R1 200 per vierbal. Dit sluit in: gholf, funksie, ete en halfweghuis. Funksie alleen: R200 per persoon. Kontak Stephen by 083 781 2955) of Sanrie by 083 226 1866.

- Die bestuur van die **Van der Hoff Teologiese Vereniging** beplan 'n **gholfkompetisie** vir **Dinsdag 22 September**. Kontak Marius Kramer by 082 346 7258, Elritia le Roux by 083 503 4262, Tiaan Loedolff by 073 529 1538, of Lise-Marie Swanepoel by 083 943 4561.

- **Gemeente Weltevreden** hou op **Dinsdag 13 Oktober** vanjaar sy 9de Jaarlikse Wilde Weste **Gholfuitdaging** by Eagle Canyon aan die Wes-Rand. Kontak Tinus de Wet by 082 774 7013 of Izane Cloete-Hamilton by 082 320 6168.

- **Gemeente Magaliesmoot** hou van 2 tot 5 Desember 'n **Kersmark**. Belangstellendes kan hul eie produkte daar kom uitstal of verkoop. Kontak Elma by 082 954 7955 vir keuring.

****

Barmhartigheid in Ruyterwacht, Kaapstad

Meneer, ek is baie honger, sê Rachel. *Kan ek by jou iets koop vir R1, asseblief? Groot asseblief?*

Dis nou in ons groentewinkeltjie by die Senior Sentrum vir behoeftige bejaardes in Ruyterwacht. Ons koop groente en vrugte direk by die groentemark, vleis by 'n groothandelaar, en verpak dit in R5-sakkies en -pakkies sodat die bejaardes darem iets te ete kan koop. Dis nou vir dié wat dit nog kan bekostig! Ons het vir hierdie jaar tot einde Julie ongeveer R80 000 se aankope gemaak – met slegs R27 000 se geldelike bydraes deur Hervormers, vanuit ons ring se lidmate en ons Kerkkantoor! (Verlede jaar was dit meer as R155 000.) Vir mense soos Rachel moet ons help! Sy huil net – kan slegs *dankie* fluister, my hand druk en dan stadig skuifel-skuifel terugloop met haar sakkie kos na die klub langsaan waar daar nou godsdiens gehou gaan word.

Ruyterwacht Senior Sentrum het so pas hul 21ste verjaardag gevier. Die klub vir behoeftige bejaardes is op 21 Julie 1988 gestig deur BADISA. Mev Annette Bekker (afgetrede NGK predikantsvrou) bestuur die klub vir die seniors wat so swaar kry. Daar is 280 lede, met baie op die waglys wat wil aansluit. Daar is slegs 20 wat maandeliks meer pensioen ontvang as die R1 010 ouderdomspensioen. Na 1994 het Communicare die bestuur van die laekostebehuising oorgeneem, en hulle het

vanaf 1 Julie vanjaar die maandelikse huurgeld opgestoot na R1 010 per maand! Ou oom Willie C (85) moet nou sy huis van 40 jaar binne 2 maande ontruim, want hy het agtergeraak met sy huurgeld. Nugter weet waarheen nou!

Groot asseblief, mense, gaan kyk na die oudstes in ons gemeentes wat slegs op ouderdomspensioen moet leef! Ons ervaar dit hier elke dag dat dit bitter swaar is om kop bo water te hou. Die lidmate van die ring van Wes-Kaapland dra al vir 18 maande by om die las van hierdie mense te verlig. Klere, komberse, vars groente en vrugte word weekliks hier aangebring. Dit help om die lewe van hierdie ou mense aanvaarbaar te maak. Hoe goed gaan dit met ons eie senior lidmate?

Ring van Wes-Kaapland

ANDER NUUS

- Die Administrateur, **mnr Kobus Viljoen**, sal weer van Maandag 3 Augustus op kantoor wees nadat hy tuis met verlof was. Hy moes gedurende sy verloftydperk verskeie vergaderings bywoon en krisisse oplos, en hy het dit gewillig gedoen. Daar is groot waardering teenoor hom en sy gesin vir die besondere werk wat hulle in die Kerk verrig. Die meeste jare kan hy nie verlof inpas in sy besige werkprogram nie.

- Lede van die **Raad vir Regsadvies** word daaraan herinner dat die volgende vergadering op **Woensdag 12 Augustus** plaasvind en nie op 10 Augustus (vakansiedag) soos bepaal nie.

- Die **Barmhartigheidsdiens van die Kerk** het ’n vakature vir ’n **Rekenkundige Beampte** in die Rekenmeester se kantoor. Die kandidaat moet oor minstens Graad 12 met Rekeningkunde as vak beskik, en minstens 4 jaar ervaring van rekenkundige werk hê. Rekenaarvaardighede in Pastel en MS Office (meestal Excel) is noodsaaklik. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Julie**. Stuur u CV aan mnr Piet Beukes, Mannekragbestuurder, per e-pos na **piet@nhk.co.za** of per faks na 086 630 5150. Skakel hom by 012 322 8885 x251 vir meer inligting.

- Die **Kommissie van die ADV** stel op **Donderdag 6 Augustus** van 08:00 tot 17:00 tydens ’n werkswinkel die program *Herontplooi jou unieke talente en vaardighede* bekend by Gemeente Wapadrant. Die program is gemik op **50-plussers**. Toegang is gratis, en **die eerste 20 lidmate wat voor 31 Julie** bevestig dat hulle die werkswinkel sal bywoon, sal geakkommodeer kan word. Besprekings kan gedoen word by Marié van Niekerk by 012 322 8885 of **kinderhuise@nhk.co.za**.

- Die **telefoonuitbreidings** van die personeel van **Die Ondersteuningsraad** in die Dirk van der Hoffgebou het verander. Skakel hulle by 012 322 8885, gevolg deur die uitbreiding:
  - Mariaan Steenkamp x293
  - Ansie Cromhout x290
  - Dawid de Villiers x312

Belangrike vergaderings

- Die volgende vergaderings is vroeër beplan, maar kon moontlik intussen verander het. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Redaksie van *Konteks* op Maandag 3 Augustus
  - Raad vir Apostolaat en die Komitee vir Volkskerk op Dinsdag 4 Augustus
  - Direksie van Die Ondersteuningsraad en die Raad vir Ekumene op Woensdag 5 Augustus

KOMMENTAAR

“Eerstens my dank en waardering aan almal gemoeid met die *e-Hervormer*. Dis altyd so netjies en goedversorg. Ek hanteer ons gemeente se maandblaadjie en wil weet of ek toestemming nodig het om die voorbladboodskappe van die *e-Hervormer* per geleentheid as Oordenking in my blaadjie te plaas. Dit is sulke treffende aktuele boodskappe, en my boekie bereik ook diegene wat dalk nie ’n eksemplaar van die *e-Hervormer* ontvang nie.”

Annatjie Sandrock, Welgelegen-Pietersburg

Dankie vir die mooi woorde oor die *e-Hervormer.* Julle is baie welkom om die voorbladartikels te gebruik, solank die skrywer erkenning kry, asook die betrokke uitgawe van die *e-Hervormer.* (Redaksie)

ADVERTENSIE

Gauteng Manskonvensie 2009, Saterdag 15 Augustus 2009

Behoud is die tema van die konvensie. Dit is ’n kristalhelder blik op die hart van die evangelie in ’n wêreld vol verwarring oor wat ons behoort te glo aangaande sy Kruis, sy Opstanding, sy Terugkeer en sy Woord. Kom ***dink, praat en sing*** saam. Vir meer inligting, gaan na **www.christenkonvensies.co.za**.

AGTERBLAD

Eenheid in Christus

Gedurende Junie is ’n besondere boodskap deur die Katolieke Biskoppekonferensie van Suider-Afrika aan die NG Kerk gerig. Ons plaas graag ’n opsomming daarvan.

Op 10 Julie vier die gemeentes van die hervorming die 500ste herdenking van die geboorte van Johannes Calvyn. Dit skep die geleentheid vir ons om waardering uit te spreek vir die werk, voorbeeld en bediening van hierdie man van God.

Die Here self het die kerk verseker van die teenwoordigheid van sy Gees (Joh 14: 26). Daardie genadegawe het oor die eeue heen die onmin en misverstande wel tot ’n groot mate verwerk. Ons bely met diepe dankbaarheid dat ons nie meer met dieselfde halsstarrigheid mekaar betrag nie.

Ons bely dat Calvyn se groot besorgdheid oor eenheid tussen alle Christene ook ons besorgdheid is. In sy brief aan Cranmer van Kantelberg bely Calvyn onder meer: *Dit moet onder die euwels van ons eie tyd genoem word dat die kerke so verdeel is dat daar skaars plek vir vriendskaplike omgang is; nog minder bloei daardie geseënde gemeenskap van die lede van Christus tussen ons, wat ons almal met die mond bely maar min met oorgawe van die hart vaskleef.*

Dit is ons bede dat die geleentheid van hierdie eeufees van Calvyn se geboorte ook sal dien as ’n hernude oproep vir ons as Christene om mekaar te vind in gemeenskap en vriendskap, sodat die eenheid van God, Vader, Seun en Heilige Gees van ons belydenis as voorbeeld aan die wêreld weergegee mag word.

Ons bid God se rykste seën toe vir ons broers en susters in Christus met hierdie geleentheid.

Aartsbiskop Buti Tlhagale
Voorsitter: Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppekonferensie

Die brief van die Katolieke Biskoppekonferensie is nie aan alle SA kerke gerig nie, maar streng gesproke aan die NGK. Dr Nelus Niemandt, Aktuarius van die NG Kerk, het egter vir my verduidelik dat dit aan die NGK geskryf is met die oog op hulle Calvyn-vieringe die afgelope Sondag waarheen die Rooms-Katolieke Kerk se verteenwoordigers uitgenooi is, en dat dit eintlik bedoel is aan die adres van die Afrikaanse, Gereformeerde (Calvinistiese) kerke. Die inhoud van die brief dui daarop dat dit gesien kan word as ’n mooi versoenende gebaar teenoor al die kerke in die Calvinistiese tradisie, en so ook vir ons in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Ek persoonlik oordeel dat dit belangrik is dat Hervormers in die huidige tydsgewrig deeglik sal kennis neem van hierdie blyk van welwillendheid van die kant van ons Rooms-Katolieke geloofsgenote – dit is ’n praktiese voorbeeld van ekumene. Die brief is in beide Afrikaans en Engels uitgestuur, wat ook van ’n besonder goeie gesindheid getuig.

Dr Wouter van Wyk

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Francis Coertse